ANE COETZEE

ANE COETZEE IS DIE DOGTER VAN AWIE & YOLANDA COETZEE. ANE IS ONS 2DE KIND EN WAS 16 MAANDE OUD GEWEES TOE SY IN DIE SWEMBAD GEVAL HET, HAAR BROER IS RUDOLPH EN IS 7 JAAR OUD.

ONS WAS MET VAKANSIE IN WARMBAD AREA TOT DIE 2 JANUARIE 2006, DIE AAND VAN DIE 2DE JANUARIE HET ONS TERUG GESTOP IN BLOEMFONTEIN,ONS HET NET DIE KARAVAAN AFGEHAAK EN BESLUIT OM MORE OGGEND TE BEGIN AFLAAI. DIE VOLGENDE OGGEND HET ONS BEGIN OM EERS ALLES UIT DIE KARAVAAN TE LAAI,MY VROU HET TOE BEGIN MET WASGOED WAS EN OM ALLES WEGGEPAK TE KRY. EK HET BEGIN OM DIE ERF SKOON TE KRY EN TOE OM DIE KARAVAAN SKOON TE MAAK.DIE 2 KINDERS HET BUITE GESPEEL BY MY WAAR EK BESIG WAS OM KARAVAAN TE WAS.EK EN MY VROU HET BUITE GESIT EN VIR ANE KOS GEGEE.EK HET VIR MY VROU GESE OM VIR ANE BUITE BY MY TE LOS OMDAT DIE DAG SO WARM GEWEES HET.ONS SEUN RUDOLPH HET GAAN SWEM TERWYL ANE BESIG WAS OM BY MY TE SPEEL.RUDOLPH HET UIT GEKOM BY DIE SWEMBAD EN GESE DAT HY GAAN TV KYK, EK HET DAARNA INGEGAAN BY DIE SWEMBAD OM WATER TE GEE BY DIE BLOMME,EK HET DIE HEKKIE AGTER MY TOE GEMAAK ,MAAR NOOIT GEKYK DAT DIE HEK INHAAK NIE.

EK HET AANGEGAAN OM DIE KARAVAAN TE WAS AAN DIE ANDERKANT WAAR ANE GESPEEL HET,EK HET BEGIN OM DIE KARAVAAN AF TE SPUIT EN GESIEN DAT ANE BESIG WAS OM MET EEN VAN HAAR BOETIE SE KARRE TE SPEEL.N RUKKIE DAARNA HET MY VROU UITGEKOM EN GEVRA WAAR ANE IS,EK HET DADELIK NA DIE SWEMBAD SE KANT TOE GEHARDLOOP, WAT SO 10 METER VAN MY AF WEG WAS.EK HET NET GESIEN ANE DRYF BO OP DIE WATER.EK HET ANE NET GEGRUIP UIT DIE WATER UIT EN VIR MY VROU GESKREEU OM TE KOM .MY VROU HET ANE NET ONDERSTE BO GEHOU IN DIE KAR TERWYL ONS GEJAAG HET NA ROSEPARK HOPITAAL WAT SO 5KM VAN ONS HUIS AF WAS.MY MA WAT OOK BY DIE HUIS WAS HET DADELIK NOODGEVALLE GEBEL EN GESE WAT GEBEUR HET.TOE ONS BY DIE HOSPITAAL STOP HET DIE DOKTERS KLAAR VIR ONS GEWAG.

DOKTER HENNIE SNYMAN WAS DIE DAG AAN DIENS GEWEES,BY DIE NOODGEVALLE HET DOKTER SNYMAN EN DIE NOODHULP PERSONEEL GESUKKEL OM HAAR HARTJIE AAN DIE GANG TE KAN KRY.ANE IS DAARNAA OORGEPLAAS NA INTENSIEF WAAR DOKTER SNYMAN GESUKKEL HET MET ANE SE LONGETJIES.EK EN MY VROU EN ONS FAMILIE HET IN DIE GANG GESIT WAAR ONS NET AANHOU BID HET,VIR DIE VOLGENDE PAAR UUR HET DIT GEVOEL OF DIE TYD STIL GAAN STAAN HET.ELKE PAAR MINUTE HET N VERPLEEGSTER UITGEHARDLOOP GEKOM OM NOG MEER MASJIENE IN TE VAT,ELKE KEER AS ONS GEVRA HET WAT AANGAAN HET DIE SUSTER VIR ONS

GESE DOKTER SNYMAN SAL SO GOU AS MOONTLIK MET ONS KOM PRAAT,MAAR DAT ANE KRITIEK IS OP DIE OOMBLIK .
OMTRENT 4 URE LATER HET DOKTER SNYMAN MET ONS KOM PRAAT. GEEN IEMAND KAN DIT WAT DAARNA VIR JOU WAG OOIT KON DINK NIE.DIT HET GEVOEL OF IEMAND DIE LEWE VAN ONS AF KOM WEGVAT HET.DOKTER SNYMAN HET VIR ONS VERDUIDELIK DAT DIE VOLGENDE PAAR UUR KRITIEK GAAN WEES.AL WAT ONS WOU WEET OF ONS KIND DIT KAN OORLEEF,MAAR DAARVOOR WAS DAAR NIE NOU AL ANTWOORDE NIE.DIE VOLGENDE 3 DAE HET DIE HOSPITAAL VIR ONS N KAMER IN DIE HOSPITAAL GEGEE.ONS HET DAAI AAND WEER GESIEN EN KON NIE GLO DAT DIT ONS KIND IS NIE,HAAR OGIES WAS TOE GEPLAK GEWEES EN SY HET NET SO GELE SONDER OM TE BEWEEG.DIEP BINNE IN MY HART HET EK GEWEET HOE DIT MY VROU EN MY KIND EN ONS HELE FAMILIE IN STUKKIES BREEK.DIE VOLGENDE 3 TOT 4 MAANDE WAT ANE IN INTENSIEF WAS IS SEKER DIE MOEILIKSTE TYD IN N MENS SE LEWE.

IN DIE TYD HET SOVEEL MENSE SAAM MET ONS GEBID.ONS WAS DEUR VRIENDE GENOOI OM SAAM TE KOM BID VIR ANE IN N BID GROEP,IN DIE STADUIM NA 3MAANDE HET ANE NOG NIE 1 KEER GEHUIL OF N GELUID GEMAAK NIE.DIE DOKTER HET BESLUIT DAT ANE NOU GOED GENOEG BEGIN HET OM ASEM TE HAAL SONDER N VENTILATOR DAT SY OORGEPLAAS KON WORD NA N REHABILITASIE SENTRUM (PASTEUR HOSPITAAL).NA N PAAR DAE IN PASTEUR HOSPITAAL HET ANE N GROOT TERUGSLAG GEHAD EN TERUG GEPLAAS NA ROSEPARK SE INTENSIEWE EENHEID.DIE OGGEND TOE DIE TELEFOON LUI EN DIE HOSPITAAL SE ANE MOES TERUG GAAN NA INTENSIEF OMDAT SY GESUKKEL HET OM DEUR DIE NAG ASEM TE HAAL.DRIE DAE LATER HET DOKTER SNYMAN ONS INGEROEP EN GESE ANE SAL MOET GE-OPEREER WORD SO GOU MOONTLIK.

DIE OGGEND VAN DIE OPERASIE HET DIT GEVOEL OF DIE TYD GAAN STIL STAAN HET. NA DIE OPERASIE WAS ANE TERUG OP DIE MASJIENE GEKOPPEL GEWEES.DIE VOLGENDE OGGEND HET ONS DOKTER LE GRANGE IN DIE HOSPITAAL GEKRY WAT VIR ANE GE OPEREER HET EN SY HET GESE ANE SE OPERASIE WAS N BAIE GROOT SUKSES. N PAAR DAE LATER HET DOKTER SNYMAN ONS GESE OM ANE HUIS TOE TE VAT DIE VOLGENDE DAG.DIT HET GEVOEL OF ONS ANE VIR DIE EERSTE KEER HUIS TOE VAT.DAAI NAG HET ONS NIKS GESLAAP NIE,ELKE BEWEGING WAT SY GEMAAK HET WAS EEN VAN ONS LANGS HAAR GEWEES,

<u>BEGIN VAN ANE SE HERSTEL PROSES</u>:

ONS HET BEGIN OM VIR ANE TWEE KEER N WEEK VIR FISO TE VAT BY HANELIE WAT VIR ANE VAN DIE BEGIN AF GE-FISIO HET. HANNELIE HET VIR ANE IN DIE HOSPITAAL ELKE DAG TWEE KEER GE-FISIO.ANE WAS WEER SOOS N PAP BABA.ONS MOES HAAR WEER LEER BOTTEL DRINK,ALLE KOSSE FYN MAAK,VIR DIE EERSTE PAAR DAE MOES ONS HAAR MELK MET DIE INSPUITING GEE.SY HET VERSTIK IN ENIGE

SOORT KOS WAT STUKKIES INGEHAD HET.ELKE WEEK WAT VERBY GEGAAN HET,HET ANE BEGIN VORDER.HAAR EERSTE BEWEGINGS NA VYF OF SES MAANDE WAS OM OOR EN WEER IN N VERTREK TE ROL. HANELIE HET ELKE KEER VIR ONS NUWE OEFENINGE GEGEE OM TE DOEN.MY VROU HET ELKE DAG BEGIN OM VIR HAAR WOORDE TE LEER EN RUSTIGE MUSIEK TE SPEEL.WANNEER DAAR MUSIEK OP DIE RADIO GESPEEL HET WAARVAN ANE GEHOU HET,HET ONS BEGIN OM TE DANS MET HAAR,OP DIE MANIER HET ANE STADIG BEGIN OM WEER HAAR OU SELF VOL LEWE TE WEES HAAR BROER HET HAAR BEGIN JAAG WAAR SY ROND GEROL HET EN SO GELEER HET OM TE SUIL.
ELKE KEER WAT FAMILIE EN VRIENDE KOM KUIER HET EN AANDAG AAN HAAR GEGGEE HET,HET DIT NUWE LEWE AAN ANE GEGEE.
ANE HET WEER AMPER N JAAR LATER BEGIN MET WOORDE UIT TE KRY.ANE IS NOU N JAAR NA DIE ONGELUK BAIE NABY OM WEER TE BEGIN KRYP .ONS AS GESIN EN FAMILIE PROBEER DAT SY SOVEEL AS MOONTLIK OEFENINGE INKRY .

EEN DING WAT ONS UIT ANE SE ONGELUK GELEER HET IS DAT NIKS IN DIE OE VAN DIE HERE ONMOONTLIK IS NIE.MAAK NIE SAAK HOE SLEG N BREIN SKANDERING LYK NIE,DAAR IS ALTYD HOOP SOLANK ONS GELOOF REG IS.

TYD HET N GROOT DEEL VAN ANE SE HERSTEL PROSES GEWORD EN HIERDIE IS IETS WAT ONS AS MENS NIE ALTYD WIL AANVAAR NIE.NA N VOLLE JAAR IS ONS NOG SO VER , MAAR AS ONS TERUG KYK WAAR ONS N JAAR TERUG WAS HET ONS REEDS AL BAIE VER GEVORDER

DIE VOLGENDE MENSE HET IN ONS LEWE EN ANE SIN N BAIE GROOT ROL GESPEEL IN ANE SE VORDERING;

1)ONS HEMELSE VADER.
2)DOKTER HENNIE SNYMAN.
3)HANNELIE – FISO TERAPEET.
4)ROSEPARK PERSONEEL&PASTEUR PERSONEEL.
5)FAMILIE
6)VRIENDE

VIR ENIGE VERDERE VRAE KONTAK ONS BY DIE VOLGENDE NOMMERS;

AWIE COETZEE – CELL: 0827779132
YOLANDA COETZEE – CELL: 0737389114

FOTOS HIERONDER:

Drie maande voor ongeluk

Dag van die ongeluk

Drie maande na die ongeluk

Vier maande na die ongeluk

Een jaar na die ongeluk